

# OM PLEKWAARDE VAN SYFERS TE HERKEN<sup>\*</sup>

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the  
Creative Commons Attribution License <sup>†</sup>

## 1 WISKUNDE

### 2 Getalbegrip, Optelling en Aftrekking

### 3 Getalbegrip

### 4 OPVOEDERS AFDELING

### 5 Memorandum

	HD	TD	D	H	T	E
1.1		6	0	9	8	0
1.2	5	0	8	1	3	6
1.3	5	0	4	6	0	0
1.4	8	2	6	0	4	0
1.5	4	0	7	0	0	5

Table 1

$$3.1 \ 576\ 826 = 500\ 000 + 70\ 000 + 6\ 000 + 800 + 20 + 6$$

$$3.2 \ 894\ 392 = 800\ 000 + 90\ 000 + 4\ 000 + 300 + 90 + 2$$

## 6 LEERDERS AFDELING

### 7 Inhoud

#### 7.1 AKTIWITEIT: Om plekwaarde van syfers te herken [LU 1.4.1]

#### 7.2 Om 'n reeks tegnieke te gebruik om berekening te doen [LU 1.10.3]

- Kom ons kyk of jy jou kennis in verband met honderdduisende kan toepas. Vul die volgende getalle korrek in die tabel in:

\* Version 1.1: Mar 30, 2009 10:52 am -0500

† <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

		HD	TD	D	H	T	E
1.1	60 980	---	---	---	---	---	---
1.2	508 136	---	---	---	---	---	---
1.3	Vyfhonderd en vierduisend seshonderd	---	---	---	---	---	---
1.4	Agthonderd ses en twintigduisend en veertig	---	---	---	---	---	---
1.5	Vierhonderd en seweduusend en vyf	---	---	---	---	---	---

**Table 2****Figure 1**

2. As jy 'n getallelyn goed kan "lees", sal jy in staat wees om te bepaal presies waar om 'n getal te plaas. Werk saam met 'n maat en gebruik pyltjies om aan te dui waar die volgende getalle min of meer op die getallelyn sal lê:

- 2.1 318 500
- 2.2 347 899
- 2.3 372 000
- 2.4 398 799
- 2.5 403 000

3. Jy het reeds in aktiwiteit 1.3 die geleentheid gehad om getalle in uitgebreide notasie te skryf. Kyk of jy dit ook met die volgende getalle korrek kan doen:

- Bv.  $26\ 113 = 20\ 000 + 6\ 000 + 100 + 10 + 3$
- 3.1  $576\ 826 =$
- 3.2  $894\ 392 =$

### 7.2.1 ONTHOU JY NOG?

= beteken is gelyk aan

<sup>1</sup> beteken is nie gelyk aan nie

< beteken kleiner as

Ø beteken groter as

## 8 Assessering

**Leeruitkomste 1:** Die leerder is in staat om getalle en hul verwantskappe te herken, te beskryf en voor te stel. Hulle kan ook met bekwaamheid en vertroue tel, skat, bereken en kontroleer tydens die oplos van probleme.

**Assesseringstandaard 1.4:** Dit is duidelik wanneer die leerder die plekwaarde van syfers herken in:

**1.4.1** heelgetalle tot minstens 9-syfergetalle;

**Assesseringstandaard 1.10:** Dit is duidelik wanneer die leerder 'n verskeidenheid tegnieke gebruik om sowel skriftelike as hoofberekeninge met heelgetalle te doen, insluitend:

**1.10.3:** opbou en afbreek van getalle.